## Die Essensie van Neo-Spektrum:

Hier erken ons dat die KRAG wat in ons is nie van ons is nie
Hier ontmoet ons 'n God wat LEWE en LIEFDE is
Hier laat ons 'n GELOOFWAARDIGE stem hoor
Hier word alle mense MENSWAARDIG behandel
Hier is ruimte vir ANDERSDENKENDES
Hier gee 'n wysheidsirkel aan elkeen 'n STEM
Hier is geen VERWYDERING of VEROORDELING nie

## KONTAKBESONDERHEDE


Terblanche Jordaan
Tel: 083.460.45.45
terblanche1@telkomsa.net

**Webblad:** www.neo-spektrum.com
**Facebook:** Neo-Spektrum
**Leierspan:** Almal se insette welkom


## Spesiale Versoeke

Vertel vir ander van ons Sondag Wysheidsirkel
Maak vir ons 'n maandelikse bydrae asseblief
Deel met ons jou kundigheid tot diens van ander

## BESONDERHEDE VIR EPOS NUUSBRIEF EN SMS TEMA

**Naam en Van**

______________________________________________

**E-Mail**______________________________ **Sel**______________________

**Woonadres**

______________________________________________

## HOE ONS MEKAAR KAN HELP

**Bediening** ______________________________

**Voorstelle** ______________________________

**Besoek asb** ______________________________

| Bankrekening vir bydraes | BAIE DANKIE |
|---|---|
| **FNB: Wysheidsirkel** | Ons vra vir 'n maandelikse bydrae |
| Takkode: **201-409** | hetsy per koevert of per EFT |
| Rekening: **551 601 09804** | **Groot ASSEBLIEF en BAIE dankie** |



# Neo-Spektrum
## 6 Mei 2012
## Om werklik LIEF te hê
**Wees die liefhê wat liefgehê ken sodat jy die liefde kan WORD**

## STILTE IN DIE KAPEL

~ Ave Verum Corpus — Mozart ~

## VERWELKOMING & AFKONDIGINGS

## IN DIE TEENWOORDIGHEID VAN GOD

The Lord is my shepherd *(that's Relationship)*
I shall not want *(that's Supply)*.
He makes me lie down in green pastures *(that's Rest)*.
He leads me beside quiet waters *(that's Refreshment)*.
He restores my soul *(that's Healing)*;
He guides me in the paths of righteousness for his name's sake *(that's Guidance)*.
Even though I walk through the valley of the shadow of death *(that's Support)*,
I fear no evil *(that's Protection)*,
for You are with me *(that's Faithfulness)*.
Your rod and your staff, they comfort me *(that's Discipline)*.
You prepare a table before me in the presence of my enemies *(that's Hope)*;
You have anointed my head with oil *(that's Sanctification)*
my cup overflows *(that's Abundance)*;
surely goodness and loving-kindness will follow me
all the days of my life *(that's Blessing)*,
and I will dwell in the house of the Lord *(that's Security)*
forever *(that's Eternity!)*

(Psalm 23)

## STILTE VAN BUITE

~ The Door is Still Open — Øystein Sevåg ~

# STILTE VAN BINNE

## GESPREKSIRKEL

### 1. AS VANDAG JOU LAASTE DAG IS ...

- Wat sal jou liefde anders doen?
- Wie sal jy liefs vergifnis vra/gee?
- Waarheen sal jy jou allerliefste vat?
- Watter trappe sal jy klim om lief te hê?
- Waarmee los jy almal om liefde te onthou?

**They will not care how much you know, until they know how much you care ~ !!**

### 2. WAAR JUL SKAT IS, DAAR SAL JUL HART OOK WEES

- Die vraag is nie WAT gee jy nie maar HOE? Wat is jou intensie?
- Ons wil die vuur van God se teenwoordigheid hê — maar blus dit
- Ons wil die grond van God se liefde hê — maar besoedel die lug
- Ons wil die water van God se vergiffenis hê — maar skei skape van bokke

**Waar liefde is, is daar geen vrees nie, maar VOLMAAKTE liefde verdryf vrees, want vrees verwag STRAF, en wie nog vrees, het nie volmaakte liefde nie. (1 Joh 4:18)**

### 3. WAT ONS NA WAARDE AG, SAL ONS WAARDEER

- Jou waarde is 'n oseaan van liefde en nie die dryfsand van vrees nie
- Jou waarde is nie materiële welvaart nie maar hoe jy aan ander raak
- Ons waarde beïnvloed hoe ons emosioneel, intellektueel, spiritueel optree

**WEES die LIEFDE sodat jy dit kan WORD!**

### 4. WEES (EFFORTLESS) OOP VIR DIE LIEFDE VAN GOD

- Dis nie God wat my verwerp nie maar ek wat God verwerp
- Dis nie God wat my veroordeel nie maar ek wat God veroordeel
- Dis nie God wat my in die hel gooi nie maar ek wat dit aan myself doen en God is die een wat my elke dag daar uithaal en sê: dis nie jou plek nie

**VRA om te gee! SOEK om te doen! Maak oop waar jy die KLOP hoor!**

### 5. HOE LEER MENS OM JOUSELF LIEF TE HÊ

- ✓ Breek die mure af: die proses van 'ontleer' kom nie met 'n remote control
- ✓ Wys jou broosheid: vulnerability is powerful without a victim mentality
- ✓ Vat 'n bad: simplify; purify; sanctify — dis **egtheid**, **waarheid**, **wysheid**

Die liefde (naam) is geduldig, die liefde (naam) is vriendelik; dit (naam) is nie afgunstig nie, is nie grootpraterig nie, is nie verwaand nie. Dit (naam) handel nie onwelvoeglik nie, soek nie sy eie belang nie, is nie liggeraak nie, hou nie boek van die kwaad nie. Dit (naam) verbly hom nie oor onreg nie, maar verheug hom oor die waarheid. Dit (naam) bedek alles, glo alles, hoop alles, verdra alles. En nou, geloof, hoop en liefde, hierdie drie maar die grootste hiervan is die LIEFDE.
(1 Korintiërs 13 )

## ONS GEE OM TE ONTHOU ONS HET !!

~ With This Love — Peter Gabriel ~

---

## HERINNERING EN SEËNBEDE

Wees altyd bewus van My. Ek skryf vir jou wat BEVRY is van selfsugtige verknogtheid, wat die passie van die sintuie bemeester het, wat nie reageer nie maar deur wie die Heer reflekteer!
LUISTER na My, hoe 'n mens 'n instrument word in die hande van die Heer as jy die hoogste vorm van Wysheid het: Daar is geen diskriminasie, en jy is volkome in beheer van alle sintuie en passies, bevry van die luuksheid om die hele tyd te oordeel tussen dit wat jy van hou en nie van hou nie.
So kom jy by die EENVOUD van lewe uit, 'n lewe wat van binne skyn en wat die ritme van jou meditasie volg, en deur jou gesprek (gebed) met liggaam, intellek en gevoel die Here van Liefde in alles dien.
Bevry jou van jou eie wil, aggressiwiteit, arrogansie, en luste wat die mens gevange hou aan dinge van hierdie wêreld. So 'n mens is in vrede met homself en betree die heilige sfeer van EENHEID met God.
Word één met die Heer, waar daar altyd blydskap is, verby die vergrype van self wil en hartseer. Elke lewende wese DIEN My en stort volmaakte toewyding voor My uit en deur My lief te hê deel elkeen aan my heerlikheid en betree die Heiligheid van My grenslose wese.
Alles wat jy doen is tot My diens, en deur my Liefde sal jy in alles WEET dat ook jy vir EWIG sal lewe. Maak elke optrede en daad 'n offerande aan My; sien My as jou enigste Beskermheer; maak elke gedagte 'n offerande aan My; dink aan My dag en nag.
As jy na jou diepste binneste gaan sal jy My vind, en daar sal jy elke vorm van pyn, teleurstelling, en swaarkry oorkom.
Ek gee vir jou hierdie woorde van Wysheid. Dink daaroor en KIES wat vir jou die beste is ... wees altyd bewus van My — aanbid My.
Vandag belowe ek jou jy is vir My kosbaar. Laat vaar jou afgode, jou bygeloof en vertroue in aardse goed, en kyk na My. Ek sal jou suiwer van als wat verkeerd gegaan het in die verlede. Moenie langer hartseer wees nie kyk ek is by jou!
(Bhagavad-Gita)

---

## AS ONS UITSTAP

~ A Love for Life — Yanni ~